# KINDERKERKEK LES: 3.Sonde

**Doel van les:**

- Kinders gaan in hierdie les besef dat ons almal sonde doen en dat sonde 'n ernstige probleem in die mens se lewe is.

**Ysbreker: Sonde Ballon**

Gee vir elke kind 'n ballon met swart kol op wat sommer met koki opgeteken is. Laat kinders opstaan en nie op mekaar staan nie, terwyl hulle hulle ballonne vashou. Sê: Ons gaan nou 'n speletjie speel waar julle baie mooi gaan moet konsentreer. Julle gaan nou julle ballon moet bons in die lug, maar julle mag glad nie julle voete beweeg nie. So julle gaan dit slaan in die lug op met julle handjies, maar julle mag glad nie julle voete vorentoe of agtertoe of kante toe beweeg nie. As julle beweeg, dan is julle uit en moet julle gaan sit. Kom ons kyk wie gaan laaste bly staan.

Laat kinders die speletjie speel tot laaste een oorbly. Laat almal dan in hulle groepe gaan sit met ballonne.

**Sê:** Kyk hoe mooi is julle ballonne. Ai, maar kyk die swart kol maak die ballon bietjie lelik.

Ons het al geleer die kwartaal dat ons pragtig gemaak is, maar daar is wel iets wat ons hartjies lelik maak. Weet julle wat dit is? Dis sonde. Wanneer ons verkeerde dinge doen, noem ons dit sonde. Sonde maak God baie ongelukkig.

Kom ons kyk gou of julle dalk kan my help besluit wat is sonde en wat is nie. As julle dink iets is 'n sonde, dan moet julle 'n "thumbs down" wys. As julle dink iets is goed en sal God gelukkig maak, dan moet julle 'n "thumbs up" wys.

- Om na mamma en pappa te luister (maak God gelukkig)
- Om te baklei (maak God ongelukkig)
- As jy nie deel nie (maak dit God ongelukkig)
- Om jou speelgoed op te tel nadat jy gespeel het (maak God gelukkig)

God is gelukkig wanneer ons die regte ding doen. Sonde maak God ongelukkig. Die Bybel sê dat almal van ons sonde doen. Ons het nou gesien hoe daardie een swart kolletjie die mooi ballon lelik maak.

**Illustrasie: Sonde is "gross"**

- Kies drie kinders wat gaan help met die illustrasie. Kry 'n tafel en sit koerantpapier oor dit om enige gemors op te vang. Plaas nou drie bakkies op dit en sit ook twee emmers met water, seep en handdoekies langs die tafel. In die eerste bak sit jy stroop, tweede bak gras en laaste bak sand.

**Sê:** Vandag gaan ons oor iets baie belangrik praat. Ons gaan praat oor sonde. Weet julle wat? Sonde is sommer gagga. Dis nie cool of oulik nie. Dis "gross" en maak God baie ongelukkig.

Ek gaan julle nou so klein bietjie van 'n idee gee van hoe "gross" sonde is.

**Vra:** Wat dink julle sal gebeur as ons nooit ons hande was of bad nie?

Laat kinders hul hande in stroop druk.

Ons lyfies sal al vuiler en vuiler raak. Binnekort sal ons sommer baie sleg begin ruik.

Laat kinders nou hulle hande in die bak met gras druk. Die gras sal vassit aan die stroop op hulle hande. Laat kinders nou hulle hande wys vir die res van die klassie.

**Sê:** Kieme sal sommer kom bly op daai lyf en hulle sal jou baie siek maak. Jy sal dan mamma en pappa en jou maatjies ook siek maak met al daai kieme.

Laat kinders hulle hande in laaste bak met grond druk en dan weer vir die klassie wys.

**Sê:** Uiteindelik sal die kieme ons so siek maak dat ons sal doodgaan.

Het julle geweet dat sonde dieselfde aan ons doen? Dit kan ons aan die binnekant in ons hartjies so vuil maak.. Ons kan bad om al die vuil van ons lyfies af te was, maar wat kan ons doen oor sonde? Ons almal doen sonde en 'n bad gaan dit nie afwas nie.

Jesus het aan die kruis gesterf vir ons sondes en deur Sy bloed kan ons hartjies skoon kom.

Laat kinders hulle hande gou was in die emmer en skoon handjies wys.

Deur Jesus se bloed word al ons sondes weggewas.

Vandag het ons geleer dat ons almal sonde doen en dit maak God ongelukkig. Om sonde te doen, is nie goed vir ons nie. Maar God het 'n plan kom maak vir ons sonde deur Jesus.

**Aktiwiteit:** Indien daar tyd is, kan kinders weer die sonde ballon speletjie speel.

Sluit af met gebed in groepe.